Waar was God?

Volksrust... op die grens van Mpumulanga en Kwazulu-Natal, aan die voet van die Amajubaberg. Dis die vroeë oggendure van 15 Junie 2020. Die minimum temperature is dié naweek buitengewoon laag – 'n hele paar grade onder vriespunt. Op 'n besondere manier kom openbaar die Here Homself aan 'n gemeenskap wat nog vas aan die slaap is.

Die ou hospitaal op die dorp is omskep in goedkoop huisvesting vir behoeftiges. Die hospitaal bestaan uit twee blokke met 'n totale inwonertal van 70. Die blok met 27 inwoners raak aan die brand. Die brand versprei vinnig terwyl die een na die ander gasbottel begin ontplof. Die slapende inwoners word deur dié wat wakker geword het van die brand, uit hul beddens geroep, en met net geleentheid om 'n kombers te gryp, vlug hulle in hul slaapklere uit die gebou.

Waar is God? Dit is die vraag wat deur 27 individue se koppe maal as hulle aanskou hoe woedende vlamme al hul besittings verslind. Weens die gebrek aan 'n brandweer op die dorp, en ten spyte van soveel boere wat kom help het, kon die inwoners nie anders nie as om net magteloos toe te kyk hoe die brand stelselmatig die gebou en sy inhoud, verslind. Genadiglik is net die een gebou in die brand vernietig en slegs een lewe is geneem.

Waar was God? – is 'n vraag wat so diep en seer in die inwoners en die hele gemeenskap se harte ingegraveer is. Dit is slegs nou, wanneer mens terugdink aan die gebeure van daardie vriesende Maandagoggend, dat jy met sekerheid kan sê**: GOD WAS DAAR...**
God was daar in die mense wat enkele oomblikke na die brand, reggestaan het met sop en toebroodjies. Hy was daar toe die inwoners onmiddellike huisvesting ontvang het in die Sondagskoollokale van die Suidkerk, Hy was daar in die voorsiening tydelike beddens en matrasse van deur die skool. Hy was daar in die gemeenskap wat in 'n tydperk van enkele ure opgedaag het met hope klere, komberse en kos. Hy was daar in die berading wat gebied is. Hy was daar die Maandagaand om oor hulle te waak terwyl hulle warm en met 'n vol maag kon gaan slaap. Hy was daar in elke donasie wat van heinde en verre gemaak is.

As iemand teen die tyd nog nie oortuig is van God se teenwoordigheid tydens hierdie ramp nie, dan is dit die getuienis van Fanie Schultz wat defnitief die harte van talle mense geraak het. Dinsdagoggend gaan kyk Fanie of daar dalk iets van sy besittings is wat hy uit die puin kan red. Te midde van al die pyn, **openbaar God sy genade aan Fanie**. Al die besittings in hul kamer is tot as verbrand, behalwe ... Op twee ongeskonde houtbedkassies, aan weerskante van hul week-oue uitgebrande dubbelbed, lê Fanie en sy vrou, Elize, se Bybels – ongeskonde - net met 'n bietjie roet op as teken van die brand! **Is dit toevallig, of het God sy hand oor Sy Woord gehou?** Later die week is ook die Bybel van Hennie Vissagie op sy half-uitgebrande spieëlkas gevind – ook sonder enige brandmerk!

Iets van Jesaja 41 :10 is ervaar: **''Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.**

Die inwoners wil net aan almal in die gemeenskap wat die afgelope tyd gehelp het met kosmaak, klere skenk en uitsorteer, en konstante omgee en liefde wat hulle ontvang het, asook aan almal regoor die land wat gehelp het deur kos, meubels en klere te stuur, kontantbydraes gemaak het, en op welke manier ookal help voorsien het in hulle behoeftes, baie dankie sê. Sonder al die hulp, sou ons nie aan hulle die nodige ondersteuning kon bied nie. Ons harte gaan ook uit na die inwoners en veral na Martie Thompson en die familie, met die afsterwe van Gert (Tom) Thompson tydens die brand.

Met hierdie brand kan die inwoners en gemeenskap van Volksrust net getuig:

Die Here is GROOT. Die Here LEEF. Die Here het sy hand oor ons en oor sy Woord gehou. **Aan God al die eer vir die besondere ervaring wat Hy ons laat beleef het.**

Ds Charl van Schalkwyk
NGK Volksrust
083 982 6218

Die gebou is aan die brand

Die volgende môre na die brand

Mnr en mev Schultz glimlag breed met hulle bybels wat die vuur oorleef het.